Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Delareyville, goedgekeur het ingevolge paraagraaf (d) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), dat die openbare pad op die plaas Korrannafontein No. 350—I.P., distrik Ottosdal, verlê en verbreed word na 70 Kaapse voet, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 07-075-23/21/P.13-2 (A).



Administrator's Notice No. 1070.]

[28 December 1966.

OPENING OF PUBLIC ROAD, DISTRICT OF OTTOSDAL.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Delareyville, in terms of paragraph (b) of subsection (1) of section five and section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), that a public road, 50 Cape feet wide, shall exist on the farm Korrannafontein No. 350—I.P., District of Ottosdal as indicated on the subjoined sketch plan.

D.P. 07-075-23/21/P.13-2 (B).

Administrateurskennisgewing No. 1070.]


[28 Desember 1966.

OPENING VAN OPENBARE PAD, DISTRIK OTTOSDAL.

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Delareyville, goedgekeur het ingevolge paraagraaf (b) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), dat 'n openbare pad, 50 Kaapse voet breed, sal bestaan oor die plaas Korrannafontein No. 350—I.P., distrik Ottosdal, soos aangetoon op bygaande sketsplan.

D.P. 07-075-23/21/P.13-2 (B).

DP. 07-075-23/21/P13-2(B)

VERWYSING:REFERENCE:

PAD GEOPEN

ROAD OPENED

SO KAAPSE VT.

SO CAPE FT.

BESTAANE PAD

EXISTING ROAD

Administrator's Notice No. 1071.] [28 December 1966.
MIDDELBURG MUNICIPALITY.—MUNICIPAL ELECTIONS ORDINANCE, 1927—DEPOSITS BY CANDIDATES ON NOMINATION.

The Administrator hereby publishes in terms of section 31 (d) of the Municipal Elections Ordinance, 1927, that he has in terms of that said section determined that the provisions of the said section shall be applicable to the Municipality of Belfast.

T.A.L.G. 4/1/47.

Administrator's Notice No. 1072.] [28 December 1966.
FOCHVILLE MUNICIPALITY.—MUNICIPAL ELECTIONS ORDINANCE, 1927—DEPOSITS BY CANDIDATES ON NOMINATION.

The Administrator hereby publishes in terms of section 31 (d) of the Municipal Elections Ordinance, 1927, that he has in terms of that section determined that the provisions of the said section shall be applicable to Fochville Municipality.

T.A.L.G. 4/1/57.

Administrator's Notice No. 1073.] [28 December 1966.
BARBERTON MUNICIPALITY.—ADOPTION OF STANDARD LIBRARY BY-LAWS.

1. The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Barberton has in terms of section 96 bis (2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard Library By-laws, published under Administrator's Notice No. 218, dated the 23rd March, 1966, as by-laws made by the said Council.

2. The Carnegie Library By-laws of the Barberton Municipality, approved by the Administrator of the Transvaal on the 25th April, 1911, are hereby revoked.

T.A.L.G. 5/55/5.

Administrator's Notice No. 1074.] [28 December 1966.
OTTOSDAL MUNICIPALITY.—ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS IN RESPECT OF LEGAL AID TO OFFICERS AND SERVANTS OF LOCAL AUTHORITIES INVOLVED IN CRIMINAL PROCEEDINGS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Village Council of Ottosdal has in terms of section 96 bis (2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard By-laws in Respect of Legal Aid to Officers and Servants of Local Authorities Involved in Criminal Proceedings, published under Administrator's Notice No. 625, dated the 17th August, 1966, as by-laws made by the said Council.

T.A.L.G. 5/175/100.

Administratorskennisgewing No. 1071.] [28 Desember 1966.
MUNISIPALITEIT MIDDELBURG.—MUNISIPALE VERKIESINGSORDONNANSIE, 1927—DEPOSITO'S DEUR KANDIDATE BY NOMINASIE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 31 (d) van die Munisipale Verkiesingsordonnansie, 1927, dat hy ingevolge daardie artikel bepaal het dat die bepallings van daardie artikel op die Munisipaliteit Belfast van toepassing is.

T.A.L.G. 4/1/47.

Administratorskennisgewing No. 1072.] [28 Desember 1966.
MUNISIPALITEIT FOCHVILLE.—MUNISIPALE VERKIESINGSORDONNANSIE, 1927—DEPOSITO'S DEUR KANDIDATE BY NOMINASIE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 31 (d) van die Munisipale Verkiesingsordonnansie, 1927, dat hy ingevolge daardie artikel bepaal het dat die bepallings van daardie artikel op die Munisipaliteit Fochville van toepassing is.

T.A.L.G. 4/1/57.

Administratorskennisgewing No. 1073.] [28 Desember 1966.
MUNISIPALITEIT BARBERTON.—AANNAME VAN STANDAARDBIBLIOTEKVERORDENINGE.

1. Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Barberton die Standaardbiblioteekverordeninge, afgekondig by Administratorskennisgewing No. 218 van 23 Maart 1966, ingevolge artikel 96 bis (2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur die Raad opgestel is.

2. Die Carnegie Biblioteek Bywetten van die Munisipaliteit Barberton, goedgekeur deur die Administrateur van Transvaal op 25 April 1911, word hierby herroep.

T.A.L.G. 5/55/5.

Administratorskennisgewing No. 1074.] [28 Desember 1966.
MUNISIPALITEIT OTTOSDAL.—AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE TEN OPSIGTE VAN REGSHULP AAN BEAMPTES EN DIENARE VAN PLAASLIKE BESTURE WAT IN STRAFSAKE BETROKKE RAAK.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Ottosdal die Standaardverordeninge ten Opsigte van Regshulp aan Beamptes en Dienare van Plaaslike Besture wat in Strafsake Betrokke Raak, afgekondig by Administratorskennisgewing No. 625 van 17 Augustus 1966, ingevolge artikel 96 bis (2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

T.A.L.G. 5/175/100.

Administrator's Notice No. 1075.] [28 December 1966.
WAKKERSTROOM MUNICIPALITY.—ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS IN RESPECT OF LEGAL AID TO OFFICERS AND SERVANTS OF LOCAL AUTHORITIES INVOLVED IN CRIMINAL PROCEEDINGS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Village Council of Wakkerstroom has in terms of section 96 bis (2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard By-laws in Respect of Legal Aid to Officers and Servants of Local Authorities Involved in Criminal Proceedings, published under Administrator's Notice No. 625, dated the 17th August, 1966, as by-laws made by the said Council.

T.A.L.G. 5/175/72.

Administrator's Notice No. 1076.] [28 December 1966.
CAROLINA MUNICIPALITY.—ADOPTION OF STANDARD BY-LAWS IN RESPECT OF LEGAL AID TO OFFICERS AND SERVANTS OF LOCAL AUTHORITIES INVOLVED IN CRIMINAL PROCEEDINGS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Town Council of Carolina has in terms of section 96 bis (2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard By-laws in Respect of Legal Aid to Officers and Servants of Local Authorities Involved in Criminal Proceedings, published under Administrator's Notice No. 625, dated the 17th August, 1966, as by-laws made by the said Council.

T.A.L.G. 5/175/11.

Administrator's Notice No. 1077.] [28 December 1966.
HENDRINA MUNICIPALITY.—ADOPTION OF STANDARD LIBRARY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes that the Village Council of Hendrina has in terms of section 96 bis (2) of the said Ordinance adopted without amendment the Standard Library By-laws, published under Administrator's Notice No. 218, dated the 23rd March, 1966, as by-laws made by the said Council.

T.A.L.G. 5/55/60.

Administrator's Notice No. 1078.] [28 December 1966.
CHRISTIANA MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO TRADE LICENCE BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Trade Licence By-laws of the Christiana Municipality, published under Administrator's Notice No. 621, dated the 30th November, 1932, as amended, are hereby further amended by the addition at the end of item 2 of the following:—

	<i>"Half-yearly."</i>	<i>Yearly.</i>
Drive-in theatre	R30.00	R60.00."

T.A.L.G. 5/97/12.

Administrator's Notice No. 1079.] [28 December 1966.
BENONI MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO BY-LAWS RELATING TO LICENCES AND BUSINESS CONTROL.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

Administrateurskennisgewing No. 1075.] [28 Desember 1966.
MUNISIPALITEIT WAKKERSTROOM.—AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE TEN OPSIGTE VAN REGSHULP AAN BEAMPTES EN DIENARE VAN PLAASLIKE BESTURE WAT IN STRAFSAKE BETROKKE RAAK.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Wakkerstroom die Standaardverordeninge ten Opsigte van Regshulp aan Beampies en Dienare van Plaaslike Besture wat in Strafsake Betrokke Raak, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 625 van 17 Augustus 1966, ingevolge artikel 96 bis (2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

T.A.L.G. 5/175/72.

Administrateurskennisgewing No. 1076.] [28 Desember 1966.
MUNISIPALITEIT CAROLINA.—AANNAME VAN STANDAARDVERORDENINGE TEN OPSIGTE VAN REGSHULP AAN BEAMPTES EN DIENARE VAN PLAASLIKE BESTURE WAT IN STRAFSAKE BETROKKE RAAK.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Stadsraad van Carolina die Standaardverordeninge ten Opsigte van Regshulp aan Beampies en Dienare van Plaaslike Besture wat in Strafsake Betrokke Raak, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 625 van 17 Augustus 1966, ingevolge artikel 96 bis (2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

T.A.L.G. 5/175/11.

Administrateurskennisgewing No. 1077.] [28 Desember 1966.
MUNISIPALITEIT HENDRINA.—AANNAME VAN STANDAARDBIBLIOTEKVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, dat die Dorpsraad van Hendrina die Standaardbiblioteekverordeninge, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 218 van 23 Maart 1966, ingevolge artikel 96 bis (2) van genoemde Ordonnansie sonder wysiging aangeneem het as verordeninge wat deur genoemde Raad opgestel is.

T.A.L.G. 5/55/60.

Administrateurskennisgewing No. 1078.] [28 Desember 1966.
MUNISIPALITEIT CHRISTIANA.—WYSIGING VAN VERORDENINGE OP BESIGHEIDSSENSIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Verordeninge op Besigheidsensies van die Municipaliteit Christiana, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 621 van 30 November 1932, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur die volgende aan die end van item 2 toe te voeg:—

	<i>"Halfjaarlik."</i>	<i>Jaarlik.</i>
Drive-in theatre	R30.00	R60.00."

T.A.L.G. 5/97/12.

Administrateurskennisgewing No. 1079.] [28 Desember 1966.
MUNISIPALITEIT BENONI.—WYSIGING VAN VERORDENINGE BETREFFENDE LISENSIES EN BEHEER OOR BESIGHEDE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

(2) Industrial:—

	R c
(a) For the first 1,000 gallons or part thereof consumed in any one month	0 48
(b) For the next 5,000 gallons consumed in the same month, per 1,000 gallons or part thereof	0 41
(c) For the next 14,000 gallons consumed in the same month, per 1,000 gallons or part thereof	0 36
(d) For the next 180,000 gallons consumed in the same month, per 1,000 gallons or part thereof	0 25
(e) Thereafter, per 1,000 gallons or part thereof	0 21½

(3) Special:—

Water supplied to the Springs Country Club and to the Bowls Club of Springs for all outdoor purposes: Per 1,000 gallons or part thereof ...

0 14

2. Deposits.

- (1) Consumers shall make a deposit on the basis of the average consumption for two months, with the following minima:—

	R c
(a) Domestic purposes	3 00
(b) Business purposes	5 00
(c) Building purposes	14 00

- (2) The deposit in the case of commercial and industrial consumers or in cases where other sufficient security exists, may be decreased or waived at the discretion of the Council.

3. Charges for Connecting Water Supply.

	R c
(1) For turning on supply which has been cut off for breach of these by-laws ...	1 00
(2) For providing and fixing $\frac{1}{2}$ inch communication pipe	12 00
(3) For providing and fixing $\frac{3}{4}$ inch communication pipe	17 00
(4) For providing and fixing 1 inch communication pipe	23 00
(5) For providing and fixing of a communication pipe in excess of 1 inch: At cost price.	

For the application of this subitem 'cost price' means the cost of all material supplied and used plus the cost of labour, supervision and administration.

4. Charges for Connecting Water Supply for Fire Extinguishing Purpose.

For the provision and fixing of all communication pipes which are intended for preventive or automatic use in case of fire, such charges as may be decided on by the Town Engineer, taking into consideration the size and length of the required pipe, valves or special fittings, shall be levied.

5. Charges in Connection with Meters.

	R c
For the testing of meters supplied by the Council and where it is found that the meter does not show an error of more than $2\frac{1}{2}$ per cent either way ...	1 00

6. Charges for the Testing and Stamping of Taps and Fittings.

	R c
(1) Bib and stop taps up to $1\frac{1}{2}$ inch diameter, each	0 02½
(2) Ball taps, each	0 02½
(3) Bib, stop and ball taps of larger sizes, each	0 05
(4) Water-closet cisterns, each	0 05
(5) Flushing valves, each	0 10."

T.A.L.G. 5/104/32.

(2) Nywerhede:—

	R c
(a) Vir die eerste 1,000 gellings of gedeelte daarvan in enige besondere maand verbruik	0 48
(b) Vir die volgende 5,000 gellings in dieselfde maand verbruik, per 1,000 gellings of gedeelte daarvan	0 41
(c) Vir die volgende 14,000 gellings in dieselfde maand verbruik, per 1,000 gellings of gedeelte daarvan	0 36
(d) Vir die volgende 180,000 gellings in dieselfde maand verbruik, per 1,000 gellings of gedeelte daarvan	0 25
(e) Daarna, per 1,000 gellings of gedeelte daarvan	0 21½

(3) Spesiaal:—

Water wat aan die Springsse Buiteklub en die Rolbalkklub van Springs vir alle buitenhuis doeleindeste gelewer word: Per 1,000 gellings of gedeelte daarvan

0 14

2. Deposito's.

- (1) Verbruikers moet 'n deposito stort op die basis van die gemiddelde verbruik vir twee maande, met die volgende minimums:—

	R c
(a) Huishoudelike doeleindeste	3 00
(b) Besigheidsdoeleindeste	5 00
(c) Boudoeleindeste	14 00

- (2) Die deposito in die geval van handels- en nywerheidsverbruikers of in gevalle waar ander toereikende sekuriteit bestaan, kan na goeddunke van die Raad verminder of opgehef word.

3. Gelde vir die aansluiting van die watervoorraad.

	R c
(1) Vir die aandraai van die watervoorraad nadat dié weens 'n oortreding van hierdie verordeninge afgesluit is	1 00
(2) Vir die verskaffing en aanlē van 'n $\frac{1}{2}$ -duimverbindingssyp	12 00
(3) Vir die verskaffing en aanlē van 'n $\frac{3}{4}$ -duimverbindingssyp	17 00
(4) Vir die verskaffing en aanlē van 'n 1-duimverbindingssyp	23 00
(5) Vir die verskaffing en aanlē van verbindingssyppye groter as 1 duim: Teen kosprys.	

Vir die toepassing van hierdie subitem beteken kosprys die koste van alle materiaal afgelewer en gebruik, plus koste van arbeid, toesig en administrasie.

4. Gelde vir die aansluiting van die watervoorraad vir brandblusdoeleindeste.

Vir die verskaffing en aanlē van alle verbindingssyppye wat bedoel is vir voorkomende of outomatiese gebruik in geval van brand, word sodanige gelde as wat deur die Stadsingenieur vasgestel word, met inagneming van die grootte en lengte van die nodige pyp, kleppe en spesiale toebehore gehef.

5. Gelde in verband met meters.

	R c
Vir die toets van meters deur die Raad versaf, in gevalle waar daar bevind word dat die meter nie meer as $2\frac{1}{2}$ persent te veel of te min aanwys nie	1 00

6. Gelde vir die toets en stempel van krane en toebehore.

	R c
(1) Skroef- en afsluitkrane tot $1\frac{1}{2}$ duim in deursnee, per stuk	0 02½
(2) Vlotterkrane, per stuk	0 02½
(3) Skroef-, afsluit- en vlotterkrane van groter groottes, per stuk	0 05
(4) Waterkloset-opgaartenks, per stuk	0 05
(5) Deurspoelkleppe, per stuk	0 10."

T.A.L.G. 5/104/32.

Administrator's Notice No. 1083.]

[28 December 1966.

CARLETONVILLE MUNICIPALITY.—ALTERATION OF BOUNDARIES.

It is hereby notified that the Administrator has in terms of section 9 (7) of the Local Government Ordinance, 1939, altered the boundaries of the Carletonville Municipality by the incorporation therein of the area described in the Schedule hereto.

The Administrator has furthermore in terms of section 101 of the above-mentioned Ordinance ordered in respect of the area described in the Schedule hereto, that any by-law affecting any mining company in respect of the management of its mining operations or the control of the property on which such operations are carried out, shall not have the force of law in the said area unless the provisions of paragraphs (a), (b), (c) and (d) of section 97 of the said Ordinance have been complied with.

Administrator's Notice No. 966 published in the *Provincial Gazette* of the 30th November, and 7th December, 1966, is hereby withdrawn.

T.A.L.G. 3/2/146.

SCHEDULE.

CARLETONVILLE MUNICIPALITY.—DESCRIPTION OF AREA INCORPORATED.

Portion (a portion of Portion 5) of the Farm Elandsfontein No. 115—I.Q., in extent 23·3958 morgen vide Diagram S.G. No. A.3606/66.

Administrator's Notice No. 1084.]

[28 December 1966.

KLERKS DORP MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Klerksdorp Municipality, published under Administrator's Notice No. 1044, dated the 19th November, 1952, as amended, are hereby further amended by the substitution for Annexure XI of Schedule 1 to Chapter 3 of the following:

“ANNEXURE XI.

(Applicable to the Municipality of Klerksdorp only.)

TARIFF OF CHARGES.

1. Charges for the Supply of Water.

(1) For the Supply of Water for a Consumption of not More than 100,000 Gallons per Month.

- (a) For the first 500 gallons per month, whether water is consumed or not: 60c.
- (b) For any quantity in excess of 500 gallons up to and including 100,000 gallons consumed in the same month: Per 100 gallons or part thereof: 4c.

(2) For the Supply of Water for a Consumption in Excess of 100,000 Gallons up to and including 1,000,000 Gallons per Month.

- (a) For the first 10,000 gallons consumed in any one month: Per 1,000 gallons or part thereof: 30c.
- (b) Thereafter, per 1,000 gallons or part thereof consumed in the same month: 28c.

(3) For the Supply of Water for a Consumption in Excess of 1,000,000 Gallons per Month to Mines, Industrial Concerns and the South African Railways.

- (a) For the first 25,000 gallons consumed in any one month: Per 1,000 gallons or part thereof: 30c.
- (b) For any quantity in excess of 25,000 gallons up to and including 225,000 gallons consumed in the same month: Per 1,000 gallons or part thereof: 16c.

Administratorskennisgewing No. 1083.]

[28 Desember 1966.

MUNISIPALITEIT CARLETONVILLE.—VERANDING VAN GRENSE.

Daar word hierby bekendgemaak dat die Administrator ingevolge artikel 9 (7) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur 1939, die grense van die Munisipaliteit Carletonville verander het deur die inlywing daarin van die gebied in die Bylae hiervan omskryf.

Die Administrator het voorts ingevolge artikel 101 van bogenoemde Ordonnansie 'n bevel uitgereik ten opsigte van die gebied omskryf in die Bylae hiervan dat enige verordening wat enige mynmaatskappy raak met betrekking tot die bestuur van sy mynwerksaamhede of die beheer oor die eiendom waarop sodanige mynwerksaamhede verrig word, geen regskrag in die genoemde gebied sal hê nie, alvorens aan die bepalings van paragrawe (a), (b), (c) en (d) van artikel 97 van die genoemde Ordonnansie voldoen is.

Administratorskennisgewing No. 966 gepubliseer in die *Provinsiale Koerant* van 30 November en 7 Desember 1966, word hierby ingetrek.

T.A.L.G. 3/2/146.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT CARLETONVILLE.—BESKRYWING VAN GEBIED INGELYF.

Gedeelte (n gedeelte van Gedeelte 5) van die plaas Elandsfontein No. 115—I.Q., groot 23·3958 morg volgens kaart L.G. No. A.3606/66.

Administratorskennisgewing No. 1084.]

[28 Desember 1966.

MUNISIPALITEIT KLERKS DORP.—WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE.

Die Administrator publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Klerksdorp, afgekondig by Administratorskennisgewing No. 1044 van 19 November 1952, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur Aanhangesel XI van Bylae 1 by Hoofstuk 3 deur die volgende te vervang:

„AANHANGSEL XI.

(Slegs van toepassing op die Munisipaliteit Klerksdorp.)

TARIFF VAN GELDE.

1. Vorderings vir die levering van water.

(1) Vir die levering van water vir 'n verbruik van nie meer as 100,000 gellings per maand.

- (a) Vir die eerste 500 gellings per maand, of water verbruik word al dan nie: 60c.

- (b) Vir enige hoeveelheid bo 500 gellings tot en met 100,000 gellings in dieselfde maand verbruik: Per 100 gellings of gedeelte daarvan: 4c.

(2) Vir die levering van water vir 'n verbruik van meer as 100,000 gellings tot en met 1,000,000 gellings per maand.

- (a) Vir die eerste 10,000 gellings in enige afsonderlike maand verbruik: Per 1,000 gellings of gedeelte daarvan: 30c.

- (b) Daarna, per 1,000 gellings of gedeelte daarvan in dieselfde maand verbruik: 28c.

(3) Vir die levering van water vir 'n verbruik van meer as 1,000,000 gellings per maand aan myne, nywerhede en die Suid-Afrikaanse Spoerweë.

- (a) Vir die eerste 25,000 gellings in enige afsonderlike maand verbruik: Per 1,000 gellings of gedeelte daarvan: 30c.

- (b) Vir enige hoeveelheid bo 25,000 gellings tot en met 225,000 gellings in dieselfde maand verbruik: Per 1,000 gellings of gedeelte daarvan: 16c.

- (c) For any quantity in excess of 225,000 gallons consumed in the same month: Per 1,000 gallons or part thereof: 14c.
- (d) Minimum charge per month or part thereof: R148.
- (4) *For the Supply of Water to Recognised Churches and Religious Institutions.*
- (a) For any quantity up to a maximum of 600 gallons per quarter: 60c.
 - (b) For any quantity in excess of 600 gallons consumed in the same quarter: Per 100 gallons or part thereof: 4c.
- (5) *For the Supply of Untreated Water from Schoonspruit.*
- (a) For the first 1,000,000 gallons consumed in any one month: Per 1,000 gallons or part thereof: 9c.
 - (b) For the next 1,000,000 gallons consumed in the same month: Per 1,000 gallons or part thereof: 7c.
 - (c) For the next 2,000,000 gallons consumed in the same month: Per 1,000 gallons or part thereof: 6c.
 - (d) For any quantity in excess of 4,000,000 gallons consumed in the same month: Per 1,000 gallons or part thereof: 5c.
 - (e) Minimum charge per month or part thereof: R31.50.
- (6) *For the Supply of Water to Agricultural Holdings situated within the Rateable Area of the Municipality.*
- Charges for the supply of water shall be levied in terms of subitems (1) and (2) plus a surcharge of 20% (twenty per cent) on such amount payable.
- (7) *For the Supply of Water to Agricultural Holdings and Small Farms situated within the Municipality but Outside the Rateable Area.*
- Charges for the supply of water shall be levied in terms of subitems (1) and (2) plus a surcharge of 25% (twenty-five per cent) on such amount payable.
- 2. Cessation of Supply.**
- (1) When, on written notice by any occupier that supply is no longer required, the connecting pipe is plugged and the meter removed, a charge of R2 shall be made, payable in advance, in the event of any such or subsequent occupier requiring the supply to be reconnected and the meter reinstalled.
 - (2) When any occupier of premises connected to the Council's mains obtains his own water supply, but fails to notify the Council that supply is no longer required and the meter is not removed, a minimum charge of 50c per month shall be payable.
- 3. Connection Charges.**
- (1) For supplying and laying a communication pipe with meter: Actual cost plus a surcharge of 10% (ten per cent) on such amount for administration costs.
 - (2) For the purposes of calculating the charges payable in terms of subitem (1) it shall be deemed that the water mains of the Council are situated in the centre of the street.
- 4. Reconnection Charges.**
- The charge for reconnection of the supply after disconnection for non-payment of an account, or for non-compliance with any provision of these by-laws, shall be R1 payable in advance: Provided that no reconnection shall be made unless and until such account has been paid or such provision has been complied with.
- (c) Vir enige hoeveelheid bo 225,000 gellings in dieselfde maand verbruik: Per 1,000 gellings of gedeelte daarvan: 14c.
- (d) Minimum vordering per maand of gedeelte daarvan: R148.
- (4) *Vir die levering van water aan erkende kerke en godsdienstige organisasies.*
- (a) Vir enige hoeveelheid tot 'n maksimum van 600 gellings per kwartaal: 60c.
 - (b) Vir enige hoeveelheid bo 600 gellings in diezelfde kwartaal verbruik: Per 100 gellings of gedeelte daarvan: 4c.
- (5) *Vir die levering van ongesuiwerde water uit Schoonspruit.*
- (a) Vir die eerste 1,000,000 gellings in enige afsonderlike maand verbruik: Per 1,000 gellings of gedeelte daarvan: 9c.
 - (b) Vir die volgende 1,000,000 gellings in dieselfde maand verbruik: Per 1,000 gellings of gedeelte daarvan: 7c.
 - (c) Vir die volgende 2,000,000 gellings in dieselfde maand verbruik: Per 1,000 gellings of gedeelte daarvan: 6c.
 - (d) Vir enige hoeveelheid bo 4,000,000 gellings in dieselfde maand verbruik: Per 1,000 gellings of gedeelte daarvan: 5c.
 - (e) Minimum vordering per maand of gedeelte daarvan: R31.50.
- (6) *Vir die levering van water aan landbouhoeves geleë binne die belasbare gebied van die munisipaliteit.*
- Gelde vir die levering van water word ingevolge subitems (1) en (2) gehef plus 'n toeslag van 20% (twintig persent) op sodanige bedrag betaalbaar.
- (7) *Vir die levering van water aan landbouhoeves en klein plasies binne die munisipaliteit maar buite die belasbare gebied.*
- Gelde vir die levering van water word ingevolge subitems (1) en (2) gehef plus 'n toeslag van 25% (vyf-en-twintig persent) op sodanige bedrag betaalbaar.
- 2. Staking van toevoer.**
- (1) Indien, na skriftelike kennisgewing deur enige okkupant dat toevoer nie langer verlang word nie, die verbindingspyp verseël en die meter verwijder word, word 'n bedrag van R2, vooruitbetaalbaar, gevorder indien enige sodanige of later okkupant verlang dat die toevoer weer aangesluit en die meter weer geïnstalleer moet word.
 - (2) Indien enige okkupant van 'n perseel wat by die Raad se hooftoevoerpyp aangesluit is sy eie water-toevoer verkry maar nalaat om kennis te gee dat die Raad se toevoer nie langer verlang word nie en die meter nie verwijder word nie, is 'n minimum vordering van 50c per maand betaalbaar.
- 3. Aansluitingsgelde.**
- (1) Vir die verskaffing en aanbring van 'n verbindingspyp en meter: Werklike koste plus 'n toeslag van 10% (tien persent) op sodanige bedrag vir administrasie koste.
 - (2) Vir die doeleindes van berekening van die gelde betaalbaar ingevolge subitem (1) word geag dat die hooftoevoerpyp van die Raad in die middel van die straat geleë is.
- 4. Heraansluitingsgelde.**
- Die vordering vir die heraansluiting van die toevoer na afsluiting weens wanbetaling van 'n rekening of omdat enige bepaling van hierdie verordeninge nie nagekom is nie, is R1 vooruitbetaalbaar: Met dien verstande dat geen heraansluiting gemaak word nie tensy en totdat sodanige rekening betaal is of sodanige bepaling nagekom is.

5. Testing of Meters.

- (1) For the testing of any meter at the request or upon the complaint of a consumer where it is found that such meter does not show an error of more than 5% (five per cent) either way: R1.50.
 (2) For the testing of any private meter: R1.50.

6. Charges for Work.

Charges for all work for which the Council is responsible and for which no provision has been made in this tariff, shall be calculated at actual cost plus a surcharge of 10% (ten per cent) on such amount for administration costs.

7. Payment of Charges.

All charges for the supply of water in terms of this tariff shall be due and payable on or before the seventh day of the month following the month of supply, and in any case where such charges are not paid by the tenth day of the said month, the Council shall have the right to discontinue the service without prejudice to its rights to proceed against a defaulter for recovery of the amount payable."

The provisions of this notice shall come into operation from the first reading of the meter after the date of publication hereof.

T.A.L.G. 5/104/17.

Administrator's Notice No. 1085.]

[28 December 1966.

WITBANK MUNICIPALITY.—SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Sanitary and Refuse Removals Tariff of the Witbank Municipality, as contemplated by section 19 under Chapter 1 of Part IV of the Public Health By-laws of the said Municipality, published under Administrator's Notice 11, dated the 12th January, 1949, shall be as follows:—

SANITARY AND REFUSE REMOVALS TARIFF.

1. Removal of Nightsoil.

For the removal of nightsoil or urine alternately twice and three times per week:—

- (1) For the first pail, per month or part thereof: R2.
 (2) For every additional pail, per month or part thereof: 25c.

2. Removal of Refuse.

(1) For the removal of refuse or rubbish three times per week:—

- (a) Private dwellings: Per bin, per month or part thereof: R1.
 (b) Business premises, excluding food premises: For each separately occupied premises, per bin, per month or part thereof: R1.20.

(2) For the daily removal, except Sundays, of refuse or rubbish:—

- (a) Food premises: For each separately occupied premises, per bin, per month or part thereof: R1.45.

- (b) Offices and suites of offices: Per room, per month or part thereof: 40c.

- (c) Blocks of flats: Per flat, per month or part thereof: 60c.

- (d) Power stations, factories, Government institutions, hospitals, boarding houses and schools: Per bin, per month or part thereof: R1.20.

(3) Special removals: Per load of 5 cubic yards or part thereof: R2.

5. Toets van meters.

- (1) Vir die toets van enige meter op versoek van, of as gevolg van die klage van 'n verbruiker, waar daar gevind word dat sodanige meter nie meer as 5% (vyf persent) te min of te veel aanwys nie: R1.50.
 (2) Vir die toets van enige private meter: R1.50.

6. Vorderings vir werk.

Vorderings vir alle werk waarvoor die Raad aanspreeklik is en waarvoor geen voorsiening in hierdie tarief gemaak is nie, word bereken teen werklike koste plus 'n toeslag van 10% (tien persent) op sodanige bedrag vir administrasiekoste.

7. Betaling van vorderings.

Alle vorderings vir die levering van water ingevolge hierdie tarief is verskuldig en betaalbaar voor of op die sewende dag van die maand wat volg op die maand van tovoer, en in iedere geval waar sodanige vorderings nie voor die tiende dag van genoemde maand betaal word nie, het die Raad die reg om die diens te staak sonder benadeling van sy regte om teen 'n wanbetaler op te tree ter verhaling van die verskuldigde bedrag."

Die bepalings van hierdie kennisgewing tree in werking van die eerste meteraflesing af na datum van publikasie hiervan.

T.A.L.G. 5/104/17.

Administrateurkennisgewing No. 1085.] [28 Desember 1966.
MUNISIPALITEIT WITBANK.—SANITÈRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Sanitäre en Vullisverwyderingstarief van die Municipaliteit Witbank, soos beoog by artikel 19 onder Hoofstuk 1 van Deel IV van die Publieke Gesondheidsverordeninge van genoemde Municipaliteit, aangekondig by Administrateurkennisgewing No. 11 van 12 Januarie 1949, is as volg:—

SANITÈRE EN VULLISVERWYDERINGSTARIEF.

1. Verwydering van nagvuil.

Vir die verwijdering van nagvuil of urine om die beurt twee en drie keer per week:—

- (1) Vir die eerste emmer, per maand of gedeelte daarvan: R2.
 (2) Vir elke bykomende emmer, per maand of gedeelte daarvan: 25c.

2. Verwydering van vullis.

(1) Vir die verwijdering van vullis of afval drie keer per week:—

- (a) Private woonhuise: Per blik, per maand of gedeelte daarvan: R1.
 (b) Besigheidspersele, uitgesonderd voedselpersele: Vir elke afsonderlike geokkupeerde perseel, per blik, per maand of gedeelte daarvan: R1.20.

(2) Vir die verwijdering van vullis of afval daagliks, uitgesonderd Sondae:—

- (a) Voedselpersele: Vir elke afsonderlike geokkupeerde perseel, per blik, per maand of gedeelte daarvan: R1.45.

- (b) Kantore en stelle kantore: Per vertrek, per maand of gedeelte daarvan: 40c.

- (c) Woonstelgeboue: Per woonstel, per maand of gedeelte daarvan: 60c.

- (d) Kragstasies, fabriek, Staatsinrigtings, hospitale, losieshuise en skole: Per blik, per maand of gedeelte daarvan: R1.20.

(3) Spesiale verwijderings: Per vrag van 5 kubieke jaart of gedeelte daarvan: R2.

3. Removal and Disposal of Dead Animals.

(1) Horses, mules, cows, bulls, oxen, donkeys and animals of similar size, per carcass: R2.

(2) Calves and foals under 12 months old, sheep, goats, pigs, cats, dogs and animals of similar size, per carcass: 75c.

T.A.L.G. 5/81/39.

Administrator's Notice No. 1086.]

[28 December 1966.

WITBANK MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO PUBLIC HEALTH BY-LAWS.

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the By-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Public Health By-laws of the Witbank Municipality, published under Administrator's Notice No. 11, dated the 12th January, 1949, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the substitution for subsection (a) of section 19 under Chapter 1 of Part IV of the following:—

“(a) The tariff of charges for sanitary services shall be as prescribed in the Council's Sanitary and Refuse Removals Tariff.”

2. By the revocation of Schedule 3.

3. By the revocation of the Sanitary By-laws and Tariff, published under Administrator's Notice No. 458, dated the 27th September, 1933, in so far as they are of force within the municipality in terms of section 378.

T.A.L.G. 5/77/19.

GENERAL NOTICES.**NOTICE No. 416 OF 1966.****PRETORIA TOWN-PLANNING SCHEME No. 2/17.**

It is hereby notified in terms of subsection (1) of section thirty-nine of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, that the City Council of Pretoria has applied for Pretoria Town-planning Scheme No. 2, 1952, to be amended by the rezoning of Erf No. 391, Daspoort, situate on the corner of Botha and Moot Streets, from "Special Residential" to "Special" to permit the erection of low density flats thereon subject to the conditions as set out on Annexure A Plan No. 9 of the draft scheme.

This amendments will be known as Pretoria Town-planning Scheme No. 2/17. Further particulars of the Scheme are lying for inspection at the office of the Town Clerk, Pretoria, and at the office of the Secretary of the Townships Board, Room No. B222, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Every owner of immovable property situate within the area to which the scheme applies shall have the right of objection to the scheme and may notify the Secretary of the Townships Board, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, of such objection and of the grounds thereof at any time within one month after the last publication of this notice in the *Provincial Gazette*, that is on or before the 27th January, 1967.

H. MATTHEE.

Secretary, Townships Board.

Pretoria, 14th December, 1966.

NOTICE No. 419 OF 1966.**PROPOSED ESTABLISHMENT OF BEDFORDVIEW EXTENSION No. 115 TOWNSHIP.**

It is hereby notified in terms of section 58 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made by Ellen Lucretia du Toit and

3. Verwydering van en beskikking oor dooie diere.

(1) Perde, muile, koeie, bulle, osse, donkies en diere van dergelike grootte, per karkas: R2.

(2) Kalwers en vullens onder 12 maande oud, skape, bokke, varke, katte, honde en diere van dergelike grootte, per karkas: 75c.

T.A.L.G. 5/81/39.

Administrateurskennisgewing No. 1086.]

[28 Desember 1966.

MUNISIPALITEIT WITBANK.—WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die Verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge van die Munisipaliteit Witbank, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 11 van 12 Januarie 1949, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur subartikel (a) van artikel 19 onder Hoofstuk 1 van Deel IV deur die volgende te vervang:—

„(a) Die tarief van gelde vir sanitêre dienste is soos voorgeskryf in die Raad se Sanitêre en Vullisverwyderingstarief.”

2. Deur Bylae 3 te herroep.

3. Deur die Sanitêre Verordeninge en Tarief, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 458 van 27 September 1933, vir sover dit ingevolge artikel 378 van krag is binne die munisipaliteit te herroep.

T.A.L.G. 5/77/19.

ALGEMENE KENNISGEWINGS.**KENNISGEWING No. 416 VAN 1966.****PRETORIA-DORPSAANLEGSKEMA No. 2/17.**

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van subartikel (1) van artikel nege-en-dertig van die Dorpsaanleg-ordonnansie, 1931, bekendgemaak dat die Stadsraad van Pretoria aansoek gedoen het om Pretoria-dorpsaanlegskema No. 2, 1952, te wysig deur die herindeling van Erf No. 391, Daspoort, geleë op die hoek van Botha- en Mootstraat, van „Spesiale Woon” tot „Spesiaal” ten einde die oprigting van laedigtheidswoonstelle daarop toe te laat onderworpe aan die voorwaarde soos uiteengesit op Bylae A Plan No. 9 van die konsep-skema.

Verdere besonderhede van hierdie skema (wat Pretoria-dorpsaanlegskema No. 2/17 genoem sal word) lê in die kantoor van die Stadsklerk van Pretoria en in die kantoor van die Sekretaris van die Dorperaad, Kamer No. B222, Provinciale Gebou, Pretoriusstraat, Pretoria, ter insae.

Alle eienaars of bewoners van onroerende eiendom wat geleë is binne die gebied ten opsigte waarvan die skema van toepassing is, het die reg om beswaar teen die skema aan te teken en kan te eniger tyd binne 'n maand na die laaste publikasie van hierdie kennisgewing in die *Offisiële Koerant van die Provincie*, dit wil sê, op of voor 27 Januarie 1967, die Sekretaris van die Dorperaad by bovenmelde adres of Posbus 892, Pretoria, skriftelik in kennis stel van so 'n beswaar en die redes daarvoor.

H. MATTHEE,
Sekretaris, Dorperaad

Pretoria, 14 Desember 1966.

14-21-28

KENNISGEWING No. 419 VAN 1966.**VOORGESTELDE STIGTING VAN DORP BEDFORDVIEW UITBREIDING No. 115.**

Ingevolge artikel 58 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 25 van 1965, word hierby bekendgemaak dat Ellen Lucretia du Toit en Andrew

Andrew Bennie Scott, for permission to lay out a township on the farm Elandsfontein No. 90—I.R., District of Germiston, to be known as Bedfordview Extension No. 115.

The proposed township is situate south of and abuts Bedfordview Extension No. 27.

The application, together with the relative plans, documents and information, is open for inspection, at the office of the Director, Room No. B221, Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

In terms of section 58 (5) of the said Ordinance any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate, in writing, with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Director, Department of Local Government.

21-28

NOTICE No. 420 OF 1966.

PROPOSED ESTABLISHMENT OF HURLINGHAM EXTENSION No. 1 TOWNSHIP.

It is hereby notified in terms of section 58 (1) of the Town-planning and Townships Ordinance, 1965, that application has been made by Agnes Mary Woods, for permission to lay out a township on the farm Zandfontein No. 42—I.R., District of Johannesburg, to be known as Hurlingham Extension No. 1.

The proposed township is situate south of and abuts Hurlingham Township, west of Parkmore Township.

The application, together with the relative plans, documents and information, is open for inspection, at the office of the Director, Room No. B221, Second Floor, Block B, Provincial Building, Pretoria, for a period of eight weeks from the date hereof.

In terms of section 58 (5) of the said Ordinance any person who wishes to object to the granting of the application or who is desirous of being heard or of making representations in the matter, shall communicate, in writing, with the Director of Local Government. Such communication shall be received by the Director not later than eight weeks from the date of such first publication in the *Provincial Gazette*.

All objections must be lodged in duplicate, and addressed to the Director of Local Government, P.O. Box 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Director, Department of Local Government.

21-28

NOTICE No. 423 OF 1966.

JOHANNESBURG TOWN-PLANNING SCHEME No. 1/237.

It is hereby notified in terms of subsection (1) of section thirty-nine of the Townships and Town-planning Ordinance, 1931, that the City Council of Johannesburg has in accordance with a directive from the Townships Board in terms of section 46 bis of the Ordinance, submitted an amending scheme to amend Johannesburg Town-planning Scheme No. 1, 1946, by the rezoning of Stand No. 640, Parktown, from "Special Residential" to "General Residential" subject to certain conditions.

Bennie Scott, aansoek gedoen het om 'n dorp te stig op die plaas Elandsfontein No. 90—I.R., distrik Germiston, wat bekend sal wees as Bedfordview Uitbreiding No. 115.

Die voorgestelde dorp lê suid van en grens aan die dorp Bedfordview Uitbreiding No. 27.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer No. B.221, Tweede Vloer, Blok B, Provinciale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Ingevolge artikel 58 (5) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die *Provinciale Koerant* deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur.

21-28

KENNISGEWING No. 420 VAN 1966.

VOORGESTELDE STIGTING VAN DORP HURLINGHAM UITBREIDING No. 1.

Ingevolge artikel 58 (1) van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, No. 25 van 1965, word hierby bekendgemaak dat Agnes Mary Woods, aansoek gedoen het om 'n dorp te stig op die plaas Zandfontein No. 42—I.R., distrik Johannesburg, wat bekend sal wees as Hurlingham Uitbreiding No. 1.

Die voorgestelde dorp lê suid van en grens aan die dorp Hurlingham, wes van die dorp Parkmore.

Die aansoek met die betrokke planne, dokumente en inligting lê ter insae by die kantoor van die Direkteur, Kamer No. B.221, Tweede Vloer, Blok B, Provinciale Gebou, Pretoria, vir 'n tydperk van agt weke na datum hiervan.

Ingevolge artikel 58 (5) van genoemde Ordonnansie moet iedereen wat beswaar wil maak teen die toestaan van die aansoek of wat begerig is om in die saak gehoor te word of vertoë te rig, die Direkteur skriftelik in kennis stel. Sodanige kennisgewing moet nie later nie as agt weke van die datum van sodanige eerste publikasie in die *Provinciale Koerant* deur die Direkteur van Plaaslike Bestuur ontvang word.

Alle besware moet in duplo ingedien word en gerig word aan die Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur, Posbus 892, Pretoria.

J. G. VAN DER MERWE,
Direkteur, Departement van Plaaslike Bestuur.

21-28

KENNISGEWING No. 423 VAN 1966.

JOHANNESBURG-DORPSAANLEGSKEMA No. 1/237.

Hierby word ooreenkomsdig die bepalings van subartikel (1) van artikel nege-en-dertig van die Dorpe- en Dorpsaanleg-Ordonnansie, 1931, bekendgemaak dat die Stadsraad van Johannesburg, in opdrag van die Dorperaad, ingevolge artikel 46 bis van gemelde Ordonnansie 'n wysigende skema ingedien het om Johannesburg dorpsaanlegskema No. 1, 1946, te wysig deur die herindeling van Standplaas No. 640, Parktown, op sekere voorwaardes van „Spesiale Woon“ tot „Algemene Woon“ te verander.

This amendment will be known as Johannesburg Town-planning Scheme No. 1/237. Further particulars of the Scheme are lying for inspection at the office of the Town Clerk, Johannesburg, and at the office of the Secretary of the Townships Board, Room No. B222, Provincial Building, Pretorius Street, Pretoria.

Every owner or occupier of immovable property situate within the area to which the scheme applies shall have the right of objection to the scheme and may notify the Secretary of the Townships Board, in writing, at the above address or P.O. Box 892, Pretoria, of such objection and of the grounds thereof at any time within one month after the last publication of this notice in the *Provincial Gazette*, i.e. on or before the 3rd February, 1967.

H. MATTHEE,
Secretary, Townships Board.

Pretoria, 21st December, 1966.

NOTICE No. 424 OF 1966.

GROOT-MARICO HEALTH COMMITTEE.

Notice is hereby given that a meeting of persons qualified to vote at the election of members of the Groot-Marico Health Committee will be held at 10 a.m. on Friday the 13th January, 1967, in the Court Room at Groot-Marico, for the purpose of receiving nominations and, if necessary, to take a poll of enrolled voters for the election of one member of the Groot-Marico Health Committee to fill the vacancy caused by the resignation of Mr. B. J. de Klerk.

The term of office of the member will expire on March 31st, 1967.

J. J. BRUWER,
Additional Magistrate, Groot-Marico.

NOTICE No. 425 OF 1966.

LOUIS TRICHARDT TOWN-PLANNING SCHEME No. 1/7.

